DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

2 Augustus 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

## Openbaring 14: 1 – 13
## Teks: Openbaring 14: 12 – 13
## Tema: Die heerlikheid by die dood van ‘n gelowige

Oral op die televisie, oor die radio en in die koerante is dit Covid-19 pandemie, dood, korrupsie en benoudheid op aarde. Hoe moet ons dink oor die dood? In ons eie gemeente is daar lidmate wat siek is. Ons is dankbaar waar daar beterskap is. En ons bid dat die Here ons sal bewaar.

In Openbaring 14 sien ons ‘n paar tussen-visioene. Ons kry ‘n kyk in die eindgebeure na die oordeel. In Openbaring 7 het ons gehoor van die 144 000 – die strydende kerk op aarde wat in die bloed van die Lam verseël is. Wat toe belofte was, word waarheid. Die Lam staan op die Sionsberg omring deur ‘n skare singende gelowiges. Hulle sing ‘n nuwe lied.

En dan verander die visioen. Johannes sien hoog in die lug ‘n vlieënde engel. Engel = boodskapper van God. Hy kan net sê wat aan hom opgedra is om oor te dra. Hy bring ‘n goeie boodskap. Hy praat met alle mense. Hy verkondig genade. Hy roep dat daar ‘n komende oordeel is – dit is goeie nuus vir gelowiges, dit bring die voltooiing van God se raad en is die einde van die Bose en al ons vyande. Weer ‘n geleentheid tot bekering.

Direk na die 1ste engel volg die 2de engel. Hy bevestig die val van Babilon – die afvallige wêreld voorgestel as ‘n verleidelike vrou. Babilon is die vyand van die gelowiges, wat die illusie het van mag en verleiding, maar die dood in haar dra. Sy verlei mense van God en die kerk af. Sy vervlak die mens tot ‘n wese wat op sinlike genot en oordadigheid ingestel is. Die 3de engel roep die oordeel van God oor die goddeloses. Dit is almal wat hulle laat verlei het deur die dier deur die merk op hulle koppe en hande te aanvaar. God se oordeel sal onverdun wees. In die Bybel lees ons van die beker as simbool van God se woede oor die sonde. Die Here haat sonde, want Hy is heilig. Die oordeel sal hulle volg tot in ewigheid – daar sal geen rus ooit vir hulle wees nie. Hulle het hulle rug op die Lam gedraai en al die oproepe tot bekering afgemaak as ‘n bangmaak storie. In die hel sal daar geen rus wees nie. En elke mens gaan voor die Here staan en rekenskap gee van sy dade. Die oordeel is individueel.

Waarom juis drie engele? Dit is die volle goddelike waarheid. Daar sal aan God se raadsplan geen verandering wees nie. Hier is genade en oordeel oppad. Die gelowiges het volharding nodig. Dit dui op suiwering deur vuur en loutering heen – soos goud skoongemaak word. Volharding is daarom geloofsaktiwiteit en nie iets passief nie.

Wat is ons troos vandag? Die aanvalle van die Bose sal kom. Swaar tye sal daar wees. Die heerlikheid vir elke kind van die Here is dat jy by jou dood dadelik by die Here sal wees. Die engele dra ons in die hemel in – Lukas 16. Maar hoor: hulle sal salig of geseënd wees – Makarios. In Matteus 5 praat Jesus van 7x salig. In Openbaring verkondig die Heilige Gees ook 7x salig. En die salig-verklaring is vas aan die Salig-maker. Die saligheid waarin ons deel het Hy self deur lyde en sterwe aan die kruis vir ons verwerf. Die bron van alles is die oop graf en hemelvaart. Die dood het sy angel verloor. Die dood kry vir ons ‘n nuwe betekenis. Dit beteken nie dat siekte, marteling en die slegte by ons sal verbygaan nie, maar dood maak die deur na die Hemel oop. Die sterwe word wins. Vir die ongehoorsame wat Babel se leefwyse volg, is dit ‘n ewige verlies.

Die blye boodskap is dat ons vir ewig in God se teenwoordigheid sal wees. Daarmee saam sal ons rus van ons arbeid. Dit is ‘n rus van ons sonde. Dit is ‘n rus van ons stryd teen die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur en vir die eer van God op al die lewensterreine. En die genadeloon is dat ons werke ons volg. Die inspanning op aarde om God te dien is nie tevergeefs nie. En dit is alles genade uit God se liefde.

Die rus beteken nie dat ons niks gaan doen nie. Die rus beteken om God aanmekaar sonder ophou te dien. Ons word uit genade deur Christus en die werk van God die Heilige Gees in heerlikheid opgeneem.

Neem dit die swaar weg? Glad nie. Die Here wys vir ons die toekoms. Die nood wat ons vandag ervaar, die swaar wat ons vandag in die gesig staar, die verlies aan inkomste wat nou gebeur tydens die pandemie, moet nie ons geloof in die Here laat wankel nie. Dit is ons toets. Dit is nou die tyd om volharding van die Here af te bid. Dit is ‘n gawe van die Gees wat ons dra en ons oë open vir God se geleenthede. Bid vir mekaar. Elkeen wat vandag in benoudheid is, kom na God se water van rus en vrede. Die Here sorg en versorg. Hy gee uitkoms in die nood. Die oorwinning in Jesus Christus staan vas.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Joey Smit wat in die hospitaal is. Ons bede is dat haar longe gou gesond sal wees.
* Ons bid vir Frikkie Greyling wie se ma in die hospitaal is. Ons is dankbaar dat daar verbetering in haar gesondheid is.
* Ons bid die troos van die Here toe vir Bettie du Plessis en familie wie se swaer die afgelope week oorlede is.
* Ons bid vir Zoë Erasmus wat vir 3 weke bestraling in Pretoria moet ondergaan. Sy is gediagnoseer met maagkanker.
* Ons bid vir Hennie Oelofse wat behandeling vir kanker ondergaan. Sterkte vir jou en Julie.
* Ons dank die Here dat Hy ons broers en susters wat die afgelope tyd die virus opgedoen het, gespaar het. Pas julleself asb mooi op.
* Die uitwerking van die pandemie word sigbaar in ons gemeente. Ons broers en susters se werksure en inkomste verminder en sommige is ook afgelê by die werk. Ons moet vir mekaar bid en mekaar help om die mismoedigheid wat ons kan oorval teen te werk.
* Behou kontak met mekaar al kom ons nie in eredienste bymekaar nie.
* Die Ouderlinge vergader op Dinsdag 4 Augustus om 18:00 op Zoom. Ons gaan dan weer praat oor eredienste ens.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook ‘n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

## OMGEWINGSPITKOS

Die merkwaardige van die Bybel is dat dit nie begin met 'n bekendstelling van God nie, maar met 'n magtige proklamasie : In die begin het God die hemel en die aarde geskep (Gen. 1:1). Geen wetenskap kan tot hierdie wysheid kom nie. Dit is 'n besondere openbaring wat God deur sy Woord gemaak het. Hoe God geskep het en wanneer Hy dit gedoen het, word nie geopenbaar nie. Wel waarom Hy dit gedoen het : God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Joh. 3:16). Vanuit hierdie geloofsperspektief word ons verwondering oor God se almag steeds meer en meer soos ons kennis oor die omvang van die skepping groei.



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 2 Augustus | ***Andre Pretorius **** | B | 083 593 3822 |
| Di 4 Augustus | Jani Botha<br>Theunet Nagel | B<br>B | 060 630 2355<br>073 949 8999 |
| Wo 5 Augustus | CC Barkhuizen | N | 072 028 19656 |
| Do 6 Augustus | Alta Pretorius<br>Marilyn Roux | B<br>B | 0471 588 1903<br>083 240 8139 |
| Vr 7 Augustus | Peter O’Reilly | B | 082 421 6982 |
| Sa 8 Augustus | Gerhard Meyer<br>Riaan Pretorius | B<br>B | 076 832 7981<br>082 748 5841 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

**Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo. Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op ! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja; " sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."**

**Openbaring 14: 12—13**

